

## VRAAG 1

- 1.1.1. Nee, ek het nog nooit slegte punte in 'n toets behaal nie. (2)
- 1.1.2. Ek hou nie baie van my ouma se lekker karringmelkbeskuit nie. (2)
- 1.1.3. Nee, daar is niks waarmee jy my kan help nie. (2)
- 1.1.4. Nee, daar is niks wat ek nog moet doen nie. (2)
- 1.1.5. Torique is nie baie opgewonde oor die vakansie nie. (2) [ 10 ]
- 1.2.1. Chad sal môre vroeg opstaan om sy sussie by die skool te gaan aflaai. (1)
- 1.2.2. Eergister het Professor Majekiso sy dokumente by die huis vergeet. (1)
- 1.2.3. Om goeie punte te behaal leer Nqobile vandag baie hard vir die toets. (1)
- 1.2.4. Khanya sal oormôre haar naels verf. (1)
- 1.2.5. Jean-Pierre speel elke dag baie goed krieket / krieket baie goed. (1) [ 5 ]
- 1.3.1. Thulani het elke oomblik van die universiteitslewe geniet. (2)
- 1.3.2. Bryn het 'n heerlike hamburger tydens etenstyd gestaan en (ge) eet. (2)
- 1.3.3. Meneer Koen was in Grahamstad. (2)
- 1.3.4. Amber het die lig in die lesinglokaal aangeskakel. (2)
- 1.3.5. Jonathan het op die onbeskofte motorbestuurder gestaan en skree. (2) [ 10 ]
- 1.4.1. Joanne sal elke dag die hele dag by die universiteit wees. (1)
- 1.4.2. Conor sal 'n groot swaar sak vol boeke hê. (1)
- 1.4.3. Kaylin sal nege katte hê. (1)
- 1.4.4. Chandre sal nie lief wees vir Warrick nie. (1)
- 1.4.5. Jaymor sal 'n leergierige student wees. (1) [ 5 ]

- 1.5.1. Die kat is gister vinnig deur Lehlohonolo uit die groot boom gered. (2)  
1.5.2. Die onbeskofte man sal môre hard deur Sisanda in die klas geklap word. (2)  
1.5.3. 'n Mooi plakkaat word deur Samkelesiwe gemaak. (2)  
1.5.4. Haar hond word deur Nathalia by die parkie gesoek. (2)  
1.5.5. Sy notas is laas week deur Devandré by die huis vergeet. (2) [ 10 ]

- 1.6.1. Mihlali streef haar kat se pels, want sy hou baie van katte. (1)  
1.6.2. Revano hou nie van die kleur rooi nie; daarom dra hy nooit rooi klere nie. (1)  
1.6.3. Micaela is vandag baie siek; gevolglik kan sy nie die toets skryf nie. (1)  
1.6.4. Fabio hou nie van Geskiedenis nie alhoewel hy goeie punte kry. (1)  
1.6.5. Micano ry baie vinnig met sy motor, al is hy nie laat nie. (1) [ 5 ]

- 1.7.1. Robynn sê dat sy moeg geleer is. (1)  
1.7.2. Kaylin het gister gevra waar haar toets was. (1)  
1.7.3. Damian vra hoekom hulle soveel werk moet doen. (1)  
1.7.4. Jean-Pierre sê dat hy baie honger is. (1)  
1.7.5. Nadine het eergister gesê dat hulle haar beste vriende was. (1) [ 5 ]

**GROOTTOTAAL: [ 50 ]**

=====